HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 2 www.hsheidelberg.co.za 16 Februarie 2024

Kalender

Maandag 19/02 **Dag 3**	**Dinsdag 20/02** **Dag 4** • GSF en LS-netbal begin	**Woensdag 21/02** **Dag 5**	**Donderdag 22/02** **Dag 6** • O/11- & O/13-netbal dorpsproewe • LS-krieket vs Rûens Kollege	**Vrydag 23/02** **Dag 7**	**Saterdag 24/02** • Toutrek Interstreek te Oudtshoorn • Eden LS-atletiek	**Sondag 25/02**
Maandag 26/02 **Dag 8** • Personeel-vergadering • SBL-vergadering • HS- netbal begin	**Dinsdag 27/02** **Dag 9**	**Woensdag 28/02** **Dag 1** • Saalbyeen-koms	**Donderdag 29/02** **Dag 2** **OPEDAG** • LS- tennis vs LS- Ashton (tuis)	**Vrydag 1/03** **Dag 3**	**Saterdag 2/03** **WES-KAAP TOUTREK**	**Sondag 3/03**

UIT DIE KANTOOR

Liewe Ouer/Voog

Hattieland se akademie, sport en kultuur het nou met mening op dreef gekom.

Dit was “Liefdesweek” met daaglikse lofsessies wat deur Charis, die studente en onderwysers van die “Bible College”, gelei is. Ons wil graag alle ouers en die OOV-bestuur bedank vir die suksesvolle uitrol van die “Steakhouse” gedurende die jaarlikse Landbouskou. Dit is verblydend om al die ouers betrokke te sien en ons moedig alle ouers/voogde aan om meer betrokke te raak.

Beheerliggame moet ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), elke drie jaar verkies word. Die doel van die beheerliggaam is om toe te sien dat behoorlik verkose, bekwame en toegewyde-persone bestuurs-verantwoordelikhede vir ons openbare skoolstelsel aanvaar. By Hoërskool Heidelberg is die datum **14 Maart 2024: heeldag verkiesing.**

Beheerliggame is noodsaaklik om:

- die gehalte van onderrig in ’n skool te verbeter;
- seggenskap oor skoolbestuur aan alle rolspelers te gee en aanspreeklikheid te verseker;
- toe te sien dat die skool die beste belange van alle leerders, ouers en die breër gemeenskap op die hart dra; en
- goeie bestuur en beheer te verseker.

Besluite oor belangrike kwessies word aan beheerliggame toevertrou, wat insluit:

- die toelatingsbeleid van die skool;
- die taalbeleid van die skool;
- ’n beleid oor godsdiens by die skool;
- aanvaarding van ’n gedragskode en grondwet;
- die daarstelling van ’n grondwet en missiestelling vir die skool;
- bestuur van die skool se finansies;
- die daarstelling van ’n grondwet en missiestelling vir die skool;
- bestuur van die skool se finansies;
- bestuur en beheer van skooleiendom en die begroting;
- aanbevelings oor aanstelling van personeel; en
- ondersteuning van prinsipale en opvoeders in die strewe na gehalteonderrig.

Dit is belangrik dat alle ouers ’n rol in hul kind se skool speel. Dit sluit deelname aan beheerliggaam-verkiesings in, dat ouers hulself verkiesbaar stel, of die verkiesing van lede wat sal toesien dat daar goeie beheer is. Hulle moet ook sorg dat hulpbronne wat vir die ver-betering van gehalteonderrig en -leer bedoel is, beskerm word.

Moenie huiwer nie! Raak betrokke by jou kind se skool en maak so ’n verskil.

Groete

J.J. Nell
Skoolhoof

HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 2 www.hsheidelberg.co.za 16 Februarie 2024

BEHEERLIGGAAM VERKIESINGSDAG

Ouers en voogde kan die skool op die volgende datums besoek om te verseker dat alle inligting korrek reflekteer op die kiesersrol:

Vrydag 1 Maart 2024
Woensdag 6 Maart 2024
Maandag 11 Maart 2024

BOELIE ISSIE COOL NIE!

Ons doen graag ‘n beroep op ouers: gesels asseblief met u kind/ers oor die gevare van boeliery op die skoolterrein. Ons skool gaan boeliegedrag nie duld nie!

GEBEDSKETTING

As Christene word ons geroep om vriendelik teenoor mekaar te wees en om die ander wang te draai wanneer hulle met teenspoed gekonfronteer word. Bullebakkery gaan teen alles in die Bybel. Ons word vriendelik geroep. Ons word gevra om gasvry te wees en uit te kyk vir mekaar. Om teen ‘n ander persoon te draai, doen min om God se liefde vir mekaar te demonstreer.

LIEFDE VIR GOD

Ons het tydens Liefdesweek nie net op die liefde tussen seuns en meisies gefokus nie, maar wel die liefde vir ons Skepper! Ons het elke pouse die Here geloof en prys.

HATTIES BORREL VAN LIEFDE

Die klaskapteinraad, o.l.v. mnr Saayman het gesorg dat elke leerder op Valentynsdag ekstra spesiaal voel. Hulle het vir elke leerder in die skool ‘n briefie, lekkertjie en rooi strikkie uitgedeel.

Hatties
Alleen ons beste

VALENTYNSSOKKIES

Die laer- en hoërskool het hulle Woensdag op die dansvloere gate uit geniet. Dankie aan elke onderwyser wat die sokkies moontlik gemaak het.

REDAKSIE SORG VIR GIGGELS

Die redaksiespan het Donderdag tydens die saalbyeenkoms vir baie vermaak gesorg. Met die oog op Liefdesweek, het hulle ‘n snaakse toneel opgevoer. Die leerders het uitbundig vir die verkillende karakters gelag.

TOTSIENS

Vandag groet ons vir juffrou Sumarie Paige wat 4 jaar lank by ons skool betrokke was. Ons sê vir haar baie dankie vir al die positiewe bydraes wat sy tot ons skool gelewer het. Die personeel en kinders gaan haar baie mis. Ons wens haar alle voorspoed toe.